6. Die jaarlikse hersiening van die getal studente toegelaat tot die program is op grond van:
 - 6.1 Opleidingskapasiteit t.o.v. menslike hulpbronne, infrastruktuur en die kliniese opleidingsplatform
 - 6.2 Streeks- en landsbehoefte
 - 6.3 Inskrywingsbeplanning van die Universiteit
 - 6.4 Aantal studente wat per jaar geakkrediteer is volgens die regulerende liggaam.
7. Slegs aansoekers van aansoekers wat B in Verpleegkunde as 'n keuse op hul aansoek stel, voor die betrokke sluitingsdatum, sal oorweeg word.
8. Voorkeur sal aan Suid-Afrikaanse burgers, aansoekers met bewys van permanente verblyfstatus of aansoekers met bewys van vlugtelingstatus gegee word wanneer aansoekers vir keuring oorweeg word.
9. Kandidate kan nie hul keuring uitstel van een jaar na 'n volgende nie. Indien 'n aansoeker dus suksesvol is en nie hulle keuring aanvaar nie, moet sodanige aansoeker normaalweg weer van vooraf aansoek doen om oorweeg te word vir keuring in die toekoms.

B. RIGLYNE VIR DIE KEURING VAN VERPLEEGKUNDE STUDENTE

Aansoekers word slegs oorweeg in een van die drie verskillende kategorieë, soos hieronder uiteengesit:

- B1. Huidige leerders (graad 12) en aansoekers wat graad 12 (of ekwivalent) voltooi het (bl. 21 – 26);
- B2. Ingeskrewe studente (bl. 26 – 29);
- B3. Aansoekers met naskoolse kwalifikasies en/of beroepservaring (bl. 29).

1 HUIDIGE LEERDERS (GRAAD 12) EN AANSOEKERS WAT GRAAD 12 (OF EKWIVALENT) VOLTOOI HET

- 1.1 Keuring van hierdie groep vind plaas tydens die eerste keuringsgeleentheid gedurende die tweede semester van die voorafgaande jaar.
- 1.2 Aansoekers wat langer as drie jaar gelede graad 12 (of ekwivalent) voltooi het, kan nie binne hierdie kategorie oorweeg word nie en word aangeraai om eers hulself voor te berei vir oorweging in kategorie B2 of B3. Let egter daarop dat keuring in hierdie kategorie steeds nie gewaarborg kan word nie.
 - 1.2.1 Aansoekers wat na voltooiing van graad 12 (of ekwivalent) vir die eerste keer in 'n ander formele hoërondewysprogram geregistreer was in die aansoekjaar, maar hul studies vroeg in hulle akademiese jaar gestaak het en wat nie deelgeneem het aan enige formele assesserings wat punte/uitslae genereer wat op die akademiese rekord gelaai is nie, sal in kategorie B1 oorweeg word;
 - 1.2.2 Aansoekers wat voorheen in 'n ander hoërondewysprogram geregistreer was, maar wat hul studies gestaak het en deelgeneem het aan enige formele assesserings wat punte/uitslae genereer wat op die akademiese rekord gelaai is, kwalifiseer nie vir keuring tot die Verpleegkunde program nie.
 - 1.2.3 Aansoekers wat graad 12 (of ekwivalent) herhaal en wat nie voorheen vir 'n ander formele hoërondewysprogram geregistreer het nie, kan in kategorie B1 oorweeg word;
 - 1.2.4 Aansoekers wat graad 12 (of ekwivalent) herhaal en wat voorheen vir 'n ander formele hoërondewysprogram geregistreer het of tydens die aansoekjaar geregistreer is, kan nie in kategorie B1 oorweeg word nie, hierdie aansoekers sal in kategorie B2 of kategorie B3 oorweeg word, afhangende van hul huidige aktiwiteite;
 - 1.2.5 Aansoekers wat gedurende die aansoekjaar vir 'n formele hoërondewysprogram geregistreer is, moet in kategorie B2 "geregistreeerde universiteitstudente" oorweeg word.
 - 1.2.6 Alle aansoekers wat voorheen, of wat tans, vir 'n formele hoërondewysprogram geregistreer is, moet 'n goeie-gedragrekord van die vorige of huidige instelling voorlê. Aansoekers wat nie hulle vorige studie(s) verklaar nie, se aansoek sal as onsuksesvol gemerk word,
 - 1.2.7 Aansoekers wat akademies uitgesluit is by 'n ander instelling of by 'n ander fakulteit van die Universiteit Stellenbosch, sal nie vir keuring tot die Verpleegkunde-program oorweeg word nie.
- 1.3 Aansoekers in hierdie kategorie **word soos volg op grond van akademiese meriete oorweeg (akademiese prestasie op skool)**

- 1.3.1 In die geval van huidige Graad 12 (of ekwivalent) leerders word die gemiddelde akademiese persentasie behaal in die finale Graad 11-jaareindassessering behaal is, gebruik (Lewensoriëntering uitgesluit).
- 1.3.2 In die geval van aansoekers wat graad 12 (of ekwivalent) reeds voltooi het, word die gemiddelde akademiese persentasie behaal in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen (Lewensoriëntering uitgesluit) of ekwivalent gebruik.
- 1.4 Alle aansoekers word dan op grond van hul akademiese meriete op 'n merietelys geranglys, wat die basis vorm vir die keuring van hierdie studente.
- 1.5 **Die Nasionale Normtoets (NNT)** word slegs gebruik om die toelating van aansoekers van die *American High School Diploma (AHSD)*, *Independent Examinations Board: International Secondary Certificate (IEB:ISC)*, en aanlyn skole, insluitend *School of Tomorrow (SOT)*. Sien afdeling 'E' hieronder vir besonderhede oor hierdie vereistes.
- 1.6. **Die keuringsproses geskied as volg:**
- 1.6.1 Die top **19** aansoekers word in volgorde volgens die akademiese meriete gekeur, met voorkeur aan aansoekers met SA burgerskap of permanente verblyfstatus of vlugtelingstatus, ongeag ras of enige ander oorwegings.
- 1.6.2 Daarna word swart Afrikaan-, bruin, Indiër- en Asiatiese aansoekers uit al die provinsies gekeur in prioriteitsvolgorde volgens die SES Faktor mits hulle aan die minimum toelatingsvereiste voldoen totdat 100 aansoekers gekeur is plekke gevul is.
- 1.6.3 15 Aansoekers (ongeveer 15% van die gekeurde aansoekers) met 'n sosio-ekonomiese status (SES) -faktor van 6 of hoër word gekeur op grond van die Keuringsfaktor.
- 1.6.3.1 Sosio-ekonomiese benadeling word gemeet deur 'n SES-faktor te bereken wat die volgende indikatore in ag neem: onderwysbenadeling (gebaseer op skoolkwintiele en skoolfonds), ekonomiese benadeling (gebaseer op maatskaplike of ongeskiktheidstoelae) en eerste generasie-status (gebaseer op die opvoedkundige vlak van die ouers). Die SES-faktor wissel van 10 (mees benadeel) tot 0 (minste benadeel). Die afsny-telling van die SES-faktor kan wel aangepas word in ooreenstemming met die aansoekpoel.
- 1.6.4 Sou twee of meer aansoekers met dieselfde akademiese meriete vir een plek meeding, sal die aansoeker/s met 'n hoër SES-faktor voorkeur geniet vir keuring.
- 1.6.5 Programme se keuringspaneel mag, met bevoegde beoordeling, die aantal keuringsaanbiedinge verhoog, met inagneming van die akademiese en demografiese profiel van aansoekers wat aan die minimum toelatings- en keuringskriteria voldoen, in verhouding tot die beskikbaarheid van programmeplekke.
- 1.6.6 **Aanvaarding of afkeuring van keuringsaanbod**
- Aansoekers wat vir meer as een program voorwaardelik gekeur word, moet hul aanvaarding van een aanbod formeel bevestig.
- 1.6.6.1 Die keuringsaanbiedinge vir aansoekers wat nie hul voorwaardelike

keuringsaanbod aanvaar nie (teen die vasgestelde datum wat in die voorwaardelike aanbodbrief gekommunikeer word), sal verval.

1.6.6.2 Voorwaardelike aanbiedinge wat afgekeur of verval het (om watter rede ook al) kan slegs heruitgereik word indien daar plekke in die program beskikbaar is.

1.6.7 Aansoekers wat aansoek gedoen het met hul finale Nasionale Senior Sertifikaat-punte (of ekwivalent), en wat suksesvol was in die keuringsproses sal 'n finale keuringsaanbod vir die program in die aansoekjaar ontvang. Daar sal van sulke aansoekers verwag word om die finale keuringsaanbod te aanvaar.

1.6.7.1 Die keuringsaanbiedinge van aansoekers wat nie hul finale keuringsaanbod aanvaar nie (teen die vasgestelde datum wat in die finale aanbodbrief gekommunikeer word), sal verval.

1.6.7.2 Finale aanbiedinge wat afgekeur of verval het (om watter rede ook al) kan slegs heruitgereik word indien daar plekke in die program beskikbaar is.

1.6.8 **Waglys na die September keuringsproses**

Wanneer al die beskikbare keuringsaanbiedinge gemaak is, sal die program se keuringspaneel besluit watter aansoekers op die waglys geplaas moet word. Hierdie besluit word gebaseer op die aansoekers se akademiese prestasie-ranglys en die demografiese profiel van die groep wat reeds gekeur is.

1.6.8.1 Aansoekers sal slegs op die waglys geplaas word indien hulle voor 31 Julie vir die Verpleegkunde-program aansoek gedoen het en indien hulle voldoen aan die keuringsvereistes van die program.

1.6.8.2 Waglys-aansoekers sal volgens die akademiese meriete-rangorde gerangskik word.

1.6.8.3 Aansoekers wat hulself van die waglys wil ontrek moet die Voorgraadse Keuringskantoor in lig by tygselections@sun.ac.za.

1.6.8.4 Kansellasies word van die waglys vervang in 'n verdere voorwaardelike keuringsronde/s in die aansoekjaar, gebaseer op Akademiese meriete-rangorde met behoud van die ras, SES en geslagsprofiel van die voorwaardelik gekeurde eerstejaar-inname, indien plekke beskikbaar is in die program.

1.6.8.5 Gewoonlik sal hierdie aansoekers moet wag totdat die Graad 12- (of ekwivalente) uitslae vrygestel word, voordat hul status opgedateer word na óf 'voorwaardelike aanbod' óf 'onsuksesvol

1.6.9 **Finale aanbiedinge na die beskikbaarstelling van die graad 12 (of ekwivalente) uitslae**

Finale aanbiedinge word aan voorwaardelik geselekteerde aansoekers gemaak, in Januarie van die volgende jaar of sodra die finale Nasionale Senior Sertifikaat-punte (of ekwivalent) beskikbaar word en mits hulle aan die minimum toelatingsvereistes van die program voldoen met hul finale Nasionale Senior Sertifikaatpunte en enige ander vereiste(s) uiteengesit in die Keuringsriglyne, asook die keuring afsnypunt van die voorwaardelik gekeurde groep.

- 1.6.9.1 Die keuringsaanbiedinge van aansoekers wat nie meer aan die minimum toelatingsvereistes en enige ander vereistes soos uiteengesit in hierdie riglyne voldoen nie, sal as onsuksesvol gemerk word.
- 1.6.9.2 Die keuringsaanbod van aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes en enige ander vereistes soos uiteengesit in hierdie riglyne voldoen, maar wat nie meer aan die keuring afsnypunt van die voorwaardelik gekeurde groep voldoen nie, sal individueel heroorweeg word gebaseer op die beskikbaarheid van programplekke.
- 1.6.9.3 Die keuringsaanbiedinge van aansoekers wat nie hul finale keuringsaanbod aanvaar nie (teen die vasgestelde datum wat in die finale aanbodbrief gekommunikeer word), sal verval.
- 1.6.9.4 Finale aanbiedinge wat afgekeur of verval het (om watter rede ook al), kan slegs heruitgereik word indien daar vakatures in die program is.

1.6.10 **Waglys na die beskikbaarstelling van die graad 12 (of ekwivalente) uitslae**

In Januarie van die daaropvolgende jaar of sodra die finale Nasionale Senior Sertifikaat-punte (of ekwivalent) beskikbaar word, word die finale graad 12-gemiddeld (Lewensoriëntering uitgesluit) gebruik om 'n nuwe Akademiese meriete-ranglys op die waglys te bepaal.

1.6.10.1 Slegs aansoekers wat 'n volledige aansoek by die program in die aansoekjaar ingedien het, voldoen aan die program se minimum toelatingsvereistes en enige ander vereiste(s) wat in die Keuringsriglyne uiteengesit word, kwalifiseer vir die nuwe waglys en vir heroorweging.

1.6.10.2 Aansoekers wat nie aan die minimum toelatingsvereistes en/of enige ander vereistes soos uiteengesit in die riglyne voldoen het nie, maar wat sedertdien hul graad 12 (of ekwivalent) uitslae verbeter het en/of enige ander vereistes soos uiteengesit in die riglyne nakom, kan 'n versoek indien om hulself te plaas op die waglys na die vrystelling van die finale Nasionale Senior Sertifikaat-punte (of ekwivalent). Sodanige aansoekers sal op die waglys geplaas word op grond van die akademiese meriete-rangorde en slegs indien daar vakatures in die program is. Hierdie aansoekers moet voor die einde van Januarie van die innamejaar die Voorgraadse Keuringskantoor by tygselections@sun.ac.za kontak om 'n laat versoek in te dien om hulself op die waglys te plaas.

1.6.11 Beskikbare plekke in die program word vanaf die nuwe waglys gevul, gebaseer op die rangorde van akademiese meriete met behoud van die demografiese-, SES- en geslagsprofiel van die eerstejaarsinname groep, mits daar plekke in die program beskikbaar is.

1.6.12 **Afsluiting van die keuringsproses**

Die keuringsproses vir die 2027-innamejaar sal twee weke na die aanvang van die akademiese jaar en/of wanneer alle programplekke gevul is afgehandel word. Alle aansoekers wat nie gekeur is nie, word dan as onsuksesvol beskou vir die 2027- innamejaar.

2 INGESKREWE UNIVERSITEIT-STUDENTE

- 2.1 Ongeveer **15%** van die plekke word gevul vanuit hierdie groep **EN** die kategorie van aansoekers met naskoolse kwalifikasies en / of beroepservaring (sien B.3 hieronder).
- 2.2 Plekke word gereserveer vir **ingeskrewe universiteit studente** met voorkeur aan aansoekers met **SA burgerskap of permanente verblyfstatus of vlugtelingstatus** en wat toepaslike studierigtings (by voorkeur natuur- en sosialewetenskappe-verwant) volg.
- 2.3 Die volgende groeperings van ingeskrewe studente word gesamentlik in hierdie kategorie oorweeg:
 - 2.3.1 **Voorgraadse Baccalaureus studente** (in 'n 3-of 4 jaar Baccalaureus graad) (sien uitsondering by 2.4 en 2.5)
 - 2.3.1.1 **Nagraadse studente:**
 - 2.3.1.2 Honneursstudente
 - 2.3.1.3 Finalejaar Magisterstudente
 - 2.3.1.4 Doktorale studente wat hul doktorale studie voltooi gedurende die jaar waarin hulle aansoek doen

Daar is geen vooraf bepaalde getal vir enige van bogenoemde groeperings nie.

- 2.4 Ingeskrewe studente wat 'n ander program in die Gesondheidswetenskappe by die US volg, sal nie vir keuring oorweeg word nie.
- 2.5 Ingeskrewe studente wat 'n ander program in die Gesondheidswetenskappe by 'n ander universiteit volg, sal nie vir keuring oorweeg word nie.
- 2.6 **Aansoeke van geregistreerde studente van ander instansies** sluit op 31 Julie op die SUNStudent platform. Die onus berus op die aansoeker om te verseker dat die akademiese uitslae van die aansoeker die Voorgraadse Keuringskantoor nie later as 1 Desember bereik nie, daardeur dit te e-pos na tygselections@sun.ac.za.
- 2.7 **Ingeskrewe US-studente** se aansoeke sluit op **31 Julie** en word vroeg in Desember, nadat die finale uitslae beskikbaar is, oorweeg. **Studente wat nie van die eerste eksamengeleentheid gebruik maak nie, sal nie oorweeg word nie.**
 - 2.7.1 Studente wat nie die A2-assesseringsgeleentheid of die eerste inhandigingsgeleentheid vir tesisse of navorsingsopdragte benut nie, kan nie vir keuring oorweeg word nie, aangesien hul finale resultate nie betyds vir die keuringsvergadering in Desember vir die keuringspaneel beskikbaar sal wees nie.
- 2.8 Hierdie groep word gekeur op grond van minimum akademiese prestasie, die demografiese profiel van die eerstejaar-inname, en vir nagraadse aansoekers sal nie-akademiese faktore addisioneel geld (sien 2.10).
<https://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/healthsciences/student-administration/policy-documents>
- 2.9 **Voorgraadse studente**
 - 2.9.1 **Eerstejaar en nie-finale jaar Baccalaureusstudente:**
Die geweegde gemiddeld vir die eerste jaar word bereken. Slegs studente wat al hulle vakke slaag met 'n geweegde gemiddeld van minstens 60%, sal oorweeg word.

2.9.2 **Finalejaar-Baccalaureusstudente:**

Die geweegde gemiddeld van al die studiejare saam word bereken. Slegs studente wat hul graad in die minimum voorgeskrewe tyd voltooi en 'n totale geweegde gemiddeld van minstens 60% behaal het, sal oorweeg word.

2.9.3 Voorgraadse studente word in prioriteitsvolgorde gerangskik op grond van bogenoemde oorwegings (2.9.1 en 2.9.2), en dit dien as vertrekpunt vir die keuringsproses.

2.9.4 Vir voorgraadse studente in beide kategorieë (eerste- en finalejaar) sal 35% van die toegewyde groeps grootte (volgens 2.3) uit die top akademiese presteerders gekeur word. Vir die oorblywende 65% kan die keuringskomitee Swart Suid-Afrikaanse, Bruin, Indiër en Asiatiese aansoekers kies wat aan die minimum keuringsvereistes in 2.9.1 en 2.9.2 voldoen.

2.10 **Nagraadse studente**

Die finale punt vir die program sal gebruik word om akademiese meriete ranglys te bepaal, behalwe vir doktorsale studente, waar die finale programuitkoms gebruik sal word. Voorgraadse prestasie word ook in ag geneem. Slegs studente wat vorige grade met 'n geweegde gemiddeld van minstens 60% voltooi het én minstens 60% behaal vir die nagraadse kwalifikasie waarvoor hulle tydens die aansoektydperk geregistreer is, sal oorweeg word.

2.10.1 Nagraadse studente moet 'n motiveringsbrief (klik [hier](#)) saam met hul aansoek indien, dit wil sê dit moet teen 31 Julie van die aansoekjaar ingedien word.

2.10.2 Nagraadse aansoekers in hierdie kategorie word in prioriteitsvolgorde gerangskik op grond van die oorwegings in 2.10.1 en 2.10.2, waarna 'n kortlys van meriete-aansoekers saamgestel word.

2.10.3 'n Finale keuring word gemaak nadat aansoekers op die kortlys verder beoordeel is deur middel van 'n persoonlike onderhoud. 'n Uitnodiging na 'n onderhoud is geensins 'n waarborg dat 'n aansoeker gekeur sal word nie.

2.11 Wanneer al die beskikbare keuringsaanbiedinge gemaak is, sal die program se keuringspaneel besluit watter aansoekers op die waglys geplaas moet word. Hierdie besluit word gebaseer op die aansoekers se akademiese meriete ranglys (voorgraadse studente), na-onderhoud-ranglys (nagraadse studente) en die demografiese profiel van die groep wat reeds gekeur is.

2.12 Kansellaries word vanaf die waglys gevul volgens die keuringsprioriteite soos bepaal deur die keuringspaneel en slegs indien daar vakatures in die program is

2.13 Studente wat gekeur word vir B in Verpleegkunde I sou vrygestel kon word van ooreenstemmende modules wat hul geslaag het, volgens die fakulteit se Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulاسie en Oordrag (KAO) Riglyne, maar sal al die ontbrekende modules vir Verpleegkunde I moet aanvul, ten einde na Verpleegkunde II in die daaropvolgende jaar te kan promoveer.

3. AANSOEKERS MET NASKOOLSE KWALIFIKASIES EN/OF BEROEPSERVARING

- 3.1 Ongeveer **15%** van die plekke word gevul vanuit hierdie groep **EN** die kategorie van huidige geregistreerde Universiteit studente (sien B.2 hierbo).
- 3.2 Hierdie plekke sal gereserveer word vir persone met naskoolse kwalifikasies en/of beroepservaring, en wat nie by aansoek (gedurende die aansoek periode voor 31 Julie) vir enige verdere kwalifikasies ingeskryf is nie, met voorkeur aan aansoekers met SA burgerskap of permanente verblyfstatus of vlugtelingsstatus. Kandidate wat by aansoek geregistreer is vir enkele losstaande modules op tersiêre vlak vir nie-graaddoeleindes, sal ook in hierdie kategorie oorweeg kan word.
- 3.3 Voorkeur sal gegee word aan aansoekers wat reeds voorheen 'n tersiêre kwalifikasie of kwalifikasie (NQF vlak 7 en hoër) in die normale tyd, en met 'n geweegde gemiddelde van 60% of hoër geslaag het, en 'n **motiveringsbrief** (klik [hier](#)) by hul aansoek insluit.
- 3.4 Hierdie aansoekers word oorweeg op grond van akademiese meriete, die demografiese profiel van die eerstejaarsinname sowel asook enkele ander oorwegings (sien 3.4). 'n Kortlys van verdienstelike aansoekers word na oorweging van alle aansoeke in hierdie kategorie saamgestel.
- 3.5 Aansoekers op die kortlys sal na persoonlike onderhoudvoering finaal gekeur word.
- 3.6 Uitnodiging na 'n onderhoud dien geensins as waarborg dat 'n aansoeker wel gekeur sal word nie.
- 3.7 Wanneer al die beskikbare keuringsaanbiedinge gemaak is, sal die program se keuringspaneel besluit watter aansoekers op die waglys geplaas moet word. Hierdie besluit word gebaseer op die aansoekers na-onderhoud-ranglys en die demografiese profiel van die groep wat reeds gekeur is.
- 3.8 Kansellaries word vanaf die waglys gevul volgens die keuringsprioriteite soos bepaal deur die keuringspaneel en slegs indien daar vakatures in die program is.

C. KEURING VAN SWART AFRIKAAN-, BRUIN, INDIËR- EN ASIATIESE AANSOEKERS

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe bepaal jaarliks in onderlinge oorleg met die Viserektor (Leer en Onderrig), inskrywingsteikens wat belyn is met, onder andere, die Nasionale Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se riglyne vir die transformasie van die hoër onderwyssektor en die institusionele inskrywingsbeplanning wat daaruit voortspruit, sowel as die Universiteit se verbintenis tot inklusiwiteit en diversiteit.

D. AANSOEKERS WAT NIE SUID-AFRIKAANSE BURGERS IS NIE, NIE 'N PERMANENTE VERBLYFPERMIT OF VLUGTILINGSTATUS VIR SUID-AFRIKA HET NIE

1. Sodanige aansoekers sal op meriete oorweeg word.
2. Aansoekers met amptelike vlugtelingsstatus moet volgens wetgewing oorweeg word. Slegs SA burgers kwalifiseer egter vir institusionele beurse en lenings, asook vir

NSFAS-befondsing. Aansoekers met vlugtelingsstatus moet dus hul finansiële posisie in ag neem wanneer 'n plek in die B in Verpleegkunde program opgeneem word.

E. NASIONALE STANDAARDOETS (NST/NBT) VEREISTES VIR DIE AMERIKAANSE HOËRSKOOLDIPLOMA, IEB: INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT, EN AANLYN SKOLE (INSLUITEND SCHOOL OF TOMORROW)

- Die NBT's vorm nie deel van die keuringsproses vir Kategorie B1-aansoekers nie, behalwe vir aansoekers uit die onderstaande skoolstelsels, vir wie die NBT's vereis word vir die 2027-toelating:**
 - Amerikaanse Hoërskooldiploma
 - IEB: Internasionale Sekondêre Sertifikaat
 - Alle aanlyn skoolstelsels, insluitend School of Tomorrow
- Benewens die minimum toelatingsvereistes, moet aansoekers uit bogenoemde skoolstelsels bevoegde (proficient) tellings behaal in:**
 - Akademiese Geletterdheid (AL)
 - Kwantitatiewe Geletterdheid (QL)
 - Wiskunde (MAT)
- Die vlakke van bevoegdheid word op die NBT-webwerf gepubliseer: **<https://www.nbt.ac.za/content/interpreting-your-results>**
- FMG&S-vereistes vir 2027-toelating**

NBT-Komponent	AL: Akademiese Geletterdheid	QL: Kwantitatiewe Geletterdheid	MAT: Wiskunde
Minimum NBT-vereiste (AHSD, IEB: ISC, Aanlyn skole insl. SOT)	71%	70%	69%

- Die NBT's word landswyd by verskeie sentrums en ook aanlyn afgelê.
- Betrokke aansoekers moet die NBT **voor die einde van Julie 2026** skryf. Hulle moet **ten minste 3 weke voor die gekose toetsdatum** registreer by: **www.nbt.ac.za** om 'n plek by die toepaslike sentrum of aanlyn sessie te verseker.
- Geregistreerde universiteitsstudente (Kategorie B2) en aansoekers met tersiêre kwalifikasies en/of toepaslike werkservaring (Kategorie B3) word vrygestel van hierdie vereiste.**

F. PROSEDURES WAT GEDUREND DIE KEURINGSPROSES GEVOLG WORD

1. AANSOEKVORMS

- 1.1 Aansoekers kan aanlyn aansoek doen by <https://student.sun.ac.za/>
- 1.2 Die sluitingsdatum vir die indiening van alle aansoeke in kategorie B1, B2 en B3 is **31 Julie** van die jaar wat registrasie voorafgaan.

2. VERWERKING VAN AANSOEKE

- 2.1 'n Volledige databasis van elke aansoeker word saamgestel uit die inligting wat deur die aansoeker op die aanlyn-aansoekvorm ingevoer is. Die punte van die huidige leerders en aansoekers wat graad 12 (of ekwivalent) voltooi het (B1) word terselfdertyd rekenaarmatig verwerk.
- 2.2 Die skoolresultate word elektronies vasgelê en verwerk om die akademiese meriete te bepaal wat gebruik word om 'n aansoeker se posisie op die merietelys te bepaal.
- 2.3 Die akademiese rekords van ingeskrewe studente (B2) sowel as dié van gegradueerdes (B3), word per hand verwerk en 'n gemiddelde persentasie word bereken. Hierdie studente word dan op grond van akademiese prestasie oorweeg, alhoewel ander faktore wel in die geval van nagraadse studente en gegradueerdes in berekening gebring mag word (sien afdelings B2 en B3 hierbo).
- 2.4 Daar word van aansoekers verwag om 'n onderneming te voorsien dat alle inligting wat verskaf word, akkuraat is. In die geval dat dit ontdek word dat 'n gekeurde aansoeker vals inligting verskaf het of opsetlik of deur nalatigheid inligting teruggehou het, kan hulle hul keuring verbeur.

3. KEURINGSGELEENTHEDE

- 3.1 Die eerste keuring vind in die tweede semester van die voorafgaande jaar plaas. By hierdie geleentheid word hoofsaaklik die huidige leerders en aansoekers wat graad 12 (of ekwivalent) voltooi het (B1) en aansoekers met naskoolse kwalifikasies en/of beroepservaring (B3) oorweeg. Die keuring van laasgenoemde aansoekers (wat op 'n kortlys geplaas is) word eers finaal na onderhoudvoering met lede van die Keurkomitee afgehandel (sien B2.12).
- 3.2 Die aansoeke van ingeskrewe studente (B2) word eers in Desember oorweeg nadat hulle finale universiteitsuitslae beskikbaar is.
- 3.3 Scimathus studente word in Januarie in dieselfde kategorie as huidige leerders en gematrikuleerdes (B1) oorweeg (op grond van hul nuwe akademiese meriete).
- 3.4 Verdere keuring van ongekeurde aansoekers vind voortdurend plaas, gebaseer op die Akademiese meriete (B1) en indien hulle op 'n waglys (B2 en B3) was, afhangende van kansellasies wat van die verskillende subkategorieë ontvang is en beskikbare plekke in die program.
- 3.5 Keuring word finaal afgehandel binne een week na aanvang van die eerste semester klasse vir Verpleegkunde I of sodra alle program plekke gevul is.

4. UITSTUUR VAN KEURINGSBRIEWE

- 4.1 Na afloop van die keuringsvergaderings word aansoekers elektronies van die keuringsuitslag in kennis gestel.
- 4.2 Alle aansoekers moet hul keuringsaanbod aanvaar of van die hand wys. Indien 'n aansoeker nie teen die responsdatum reageer nie, sal die aanbod verstryk. Heruitreiking van aanbiedinge sal slegs gemaak word indien daar nog plekke in die program beskikbaar is. Die volgende bepaling is van toepassing op die relevante keuringskategorieë:
- 4.2.1 Kategorie B1 Aansoekers wat in die eerste keuringsronde in September gekeur is, moet teen 30 September op hul aanbod reageer. Aansoekers wat na 30 September of voor 31 Desember vanaf die waglys gekeur word, sal 3 dae hê vanaf die uitreiking van die keuringsbriewe, om aan te dui of hulle die aanbod aanvaar al dan nie.
- 4.2.2 Kategorie B2 Aansoekers wat in die eerste keuringsronde in Desember gekeur is of voor 31 Desember vanaf 'n waglys gekeur word, sal 3 dae hê vanaf die uitreiking van die keuringsbriewe, om aan te dui of hulle die aanbod aanvaar al dan nie.
- 4.2.3 Kategorie B3 Aansoekers wat in die eerste keuringsronde in Oktober gekeur is of voor 31 Desember vanaf 'n waglys gekeur word, sal 3 dae hê vanaf die uitreiking van die keuringsbriewe, om aan te dui of hulle die aanbod aanvaar al dan nie.
- 4.2.4 Aansoekers wat in die finale keuringsronde in Januarie van die registrasiejaar gekeur word, sal 2 dae hê vanaf die uitreiking van die keuringsbriewe, om aan te dui of hulle die aanbod aanvaar al dan nie.
- 4.3 Die plekke van aansoekers wat nie op die aanbod reageer nie, en wat nie administratief opgespoor kan word nie, word gekanselleer.

5. AANSOEKERS WAT NIE MEER AAN DIE TOELATINGSVEREISTES VOLDOEN NADAT DIE FINALE NASIONALE SENIOR SERTIFIKAATUITSLAE BESKIKBAAR IS NIE

- 5.1 Aansoekers wat gedurende die eerste keuringsronde voorwaardelik gekeur is, maar wat na hul finale raad 12 (of ekwivalent) uitslae nie meer voldoen aan die minimum toelatingsvereistes nie, se keuringsaanbod sal verval.

G. KEURKOMITEE

Keuring van voornemende studente word gedoen deur 'n keuringspaneel. Alle besluite ten opsigte van keuring word deur die keuringspaneel goedgekeur voordat dit met aansoekers gekommunikeer word en besluite is finaal. Alle navrae rakende die keuringsproses moet aan die Voorgraadse Keuringskantoor in die Sentrum vir Akademiese-administrasie (Tygerberg-kampus) gerig word by tygselections@sun.ac.za.